

Hoofstuk van die dag: Esegiël 36

> *Julle moet weet, sê die Here my God, dat Ek dié dinge nie ter wille van julle doen nie. Al wat julle pas, Israel, is skaamte en skande oor julle optrede. (Eseg 36:32)*

Die Here beloof aan sy volk ’n nuwe hart en ’n nuwe gees, en

dat sy Gees in hulle sal wees sodat hulle kan leef soos hulle moet (vers 26-27). Dis ’n bekende gedeelte wat predikante dikwels as ’n belofte aanhaal wanneer hulle in die erediens reageer op die gemeente se skuldbelydenis.
Die rede vir God se vernuwende werk is versoberend. Dit gaan nie eerstens oor ons nie. Dit gaan om God se Naam en sy eer (vers 22 en 32). Ons dra sy Naam. Hoe ons leef en is, het alles met God te doen.
Daar is ’n spreuk wat sê: Heiliges is mense wat dit vir ander makliker maak om in God te glo. Ander moet sy stem hoor in ons woorde. Daarom maak Hy ons heilig en herskep Hy ons (2 Kor 5:17-18). Hy gee ons ’n nuwe hart, dws ’n nuwe verstand, ’n nuwe wil, ’n nuwe gevoel, ’n nuwe persoonlikheid, waarin die Gees van God ons lei en dring om tot Gods eer te leef.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026